# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -39/2023 – November2023*

## DIEFSTAL EN VANDALISME

Daar is die laaste tyd heelwat klagtes ontvang van peutery aan eiendom, soos karavane en voertuie. Verder is daar klagtes oor diefstal van plante uit mense se tuine en ook van kunsblomme wat Sondae in die saal geplaas word wat net stuk stuk verdwyn. Dis onaanvaarbaar. Ons vra almal se samewerking in die verband, meld verdagte aktiwiteite aan asb. Geen persoon, behalwe die eienaars self, behoort gesien te word by die karavane nie.

## WATER

Weer 'n ernstige beroep op almal om geen water te gebruik tussen 01:00 en 04:00 (spoel van toilette uitgesluit). Dit stel ons in staat om met sekerheid te bepaal of daar lekasies in ons stelsel is. Waterbeperkings is steeds van krag.

## SPOEDWALLE

Daar gaan moontlik meer as twee verdere spoedwalle ingesit word.

## KOMBUIS

Die kontrak met ons huidige kombuiskontrakteur sal beëindig word op 29 Februarie 2024. Hulle is, in ooreenkoms met die bepalings van die kontrak, dienooreenkomstig in kennis gestel. Onderhandelinge is aan die gang met 'n alternatiewe verskaffer. Sodra dit afgehandel is sal verdere inligting deurgegee word.

## KARAVAAN KLUB

BougainVilla Aftree-Oord se karavaan eienaars wat belangstel om by geleentheid, as 'n BougainVilla groep, saam te gaan kamp word gevra om met George Eybers (eenheid 97) kontak te maak.

## BOORGAT

Die gat is geboor en daar is water. Die kwaliteit en hoeveelheid word tans ondersoek. Daarna is die eerste prioriteit noodwatervoorsiening vir ons inwoners.

a) Dompelpomp installeer en krag aanlê wat ook gekoppel sal wees aan die kragopwekker
b) Moontlike oprigting van watertenks in die Noordelikste hoekie voor huis 109, wat dan netjies afgekamp sal word.
c) Indien daar genoeg water is, kan waterpype aangelê word langs kanaal en langs sommige grensmure vir tuinnatmaak doeleindes.
d) Ons voorsien geen algehele retikulasie na alle huise nie en daar sal geen verbinding wees met die stelsel wat munisipale water versprei nie.
e) Die hoeveelheid water sal die eerste bepalende faktor wees en daarna sal beskikbaarheid van finansies bepaal wanneer en hoe ver.

## HONDE EN KAMERAS

Honde se uitwerpsels word 'n steeds groter probleem. Ons kameras (geaktiveer deur beweging) sal nou ingespan word in die areas waar die probleem die ergste is. Dit sal slegs die tweede maal wees dat ons ons tot kameras wend in die afgelope tien jaar. Iets wat ons eintlik nie graag doen nie.

## SONPANELE

Die eienaars wat sonpanele op hul dakke het moet asseblief **baie seker** maak dat dit aan alle vereistes voldoen. Daar is byvoorbeeld van die panele wat nie **stewig geanker** is nie. Dit kan stormskade veroorsaak met ernstige implikasies ten opsigte van **versekeringseise**. Maak baie seker as u enigsins twyfel.

## GEISERS EN VERSEKERING

**Daar is steeds onduidelikheid oor hierdie saak. Die geiser met sonpaneel is die eiendom van en behoort aan elke huiseienaar. Die versekering is die HEV se verantwoordelikheid. Hier volg 'n skrywe wat reeds vantevore gesirkuleer is. Volg hierdie proses en daar behoort geen vertraging te wees nie.**

## SOLAR EN ELEKTRIESE WARMWATERSILINDER DIENS EN INSTANDHOUDING:

Die diens en instandhouding van warmwatersilinders (geysers) op die oord is die verantwoordelikheid van die eienaar volgens die MOI soos goedgekeur op 'n Spesiale Algemene vergadering gehou op 27 November 2018 asook volgens die Wet op Deeltitels. Die stelsel is die eiendom van elke eienaar en moet jaarliks gediens word om die versekering in plek te hou. Wanneer u probleme het met u warmwatersilinder (geyser) moet u **'n loodgieter van u keuse** nader om na die probleem om te sien. Dit is nie die oord se verantwoordelikheid nie. Indien die loodgieter bevind dat die geyser foutief, stukkend of gebars is moet u dit **self laat herstel** of die die volgende stappe neem indien die geyser **gebars** het:

**Die loodgieter verskaf 'n verslag met die volgende inligting:**
**Datum van die skade;**
**Reeksnommer van die gebarste warmwatersilinder (geyser);**
**Kwotasie vir die vervanging van die warmwatersilinder (geyser);**
**Foto's van die gebarste warmwatersilinder (geyser);**
**Voltooide eisvorm van die versekeraar.**

Hierdie dokumentasie moet u dan by die oord kantoor inhandig vir prossessering na die versekeraar.
Die dekking op die warmwatersilinder (geyser) is as volg:
150L - R 7 700-00 Bybetaling R 1 500.00
200L - R 9 600-00 Bybetaling R 1 500.00
Die volgende komponente word onder die geboueversekering gedek vir 'n maksimum koste van R 1 000.00 per jaar met 'n bybetaling van R 750-00:
Element Termostaat
Die sonpaneel op die dak vorm deel van die gebou se konstruksie en is verseker slegs teen wind, hael, brand en enige ander stormskade met 'n bybetaling van R 1 000-00 per eis, nie teen meganiese onklaarraking nie.
**Geyser insurance emergency call 0861242911**
**Ons makelaar: Bestonia makelaars 012-8085449 of info@bestonia.co.za**
**Julian Theunissen se nommer is 083 464 5583**

## SLUITING VAN KANTOOR

Ons kantoor sal soos in die afgelope jare tussen Kersfees en nuwe jaar (27, 28 en 29 Desember 2023) gesluit wees. Dit is deel van die personeel se normale verlof en nie ekstra verlof nie.

## ONTRUIMINGS

Daar sal binnekort ontruimingsoefeninge gehou word in die woonstelblokke. Dit sal 'n "DESKTOP" ontruiming wees. U sal vooraf in kennis gestel word.

## BUITEKANT VAN U EIENDOM

Van die middel van die buitemure af na binne is u eiendom. Vanaf die middel van u buitemure na buite is gemeenskaplike eiendom. Daarom het u toestemming nodig vir die aanbring van items aan die buitekant van u huis. Dit sluit kameras en sonpanele in. Kameras het die verdere moontlike probleem van privaatheidsskending.

## SOSIALE FUNKSIES

1. Onthou ons mandjiedans Vrydag 24/11/23. As u nie kan of wil dans nie, kom kuier & geniet die musiek en geselskap. R20
2. Sondag 26 November om 17:00 gaskunstenaar Dusty Dixon (Touch of class) en dis gratis
3. Vrydag die eerste Desember ons kersete in die eetsaal. Bespreek en betaal by kombuiskantoor.
4. Sondag 3 Desember 17:00 optrede van Pretoria Mannekoor en kersfees liedere samesang. R10
5. Dinsdag 5 Desember ons groente en vrugtemark voor huis nr 107
6. Saterdag 9 Desember hierdie jaar se laaste GROOT markdag.

Deurentyd is daar speletjies, rolbal en kan ook legkaarte gebou word. Neem deel en geniet.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!***